UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

# e-Matieland

LENTE 2016 • #3

## VANUIT DIE ALUMNI-KANTOOR

Lente is in die lug en, in die gees van die pas-afgelope Nasionale Vroue-maand, is ons verheug om jou hierdie spesiale uitgawe van *e-Matieland* te bring ter viering van uitnemende Matie-vroue.

Hierdie uitgawe beklemtoon die sukses van sommige van ons vooraanstaande navorsers, uit 'n verskeidenheid akademiese dissiplines. Ons vier ook ander formidabele US-personeel en praat met radio-aanbieder Sherlin Barends, Olimpiese driekampatleet Mari Rabie en sakeleiers Lizé Lambrechts en Martha Murorua – baanbrekers wat as inspirasie vir ons almal kan dien.

Terwyl ons in hul prestasies deel en dit vier, moet ons ook onthou dat vroue nog baie uitdagings in die gesig staar wanneer dit kom by die verwesenliking van die ideale en waardes wat in die Suid-Afrikaanse Grondwet vervat is.

Ten slotte, in hierdie uitgawe van *e-Matieland* kan jy lees oor 'n hele paar alumni-geleenthede wat oor die volgende paar weke gaan plaasvind. Ons sien daarna uit om weereens met jou in aanraking te kom, so maak seker jy RSVP aan alumni@sun.ac.za om jou plek te verseker.

Voorwaarts en opwaarts!




Foto: Martin Viljoen

# NUUSFLITSE

## Voorste navorsers kry nasionale toekennings





Twee van die Universiteit Stellenbosch se top vroue-navorsers, prof Lou-Marie Kruger en me Caroline Pule, het onlangs nasionale erkenning ontvang toe hulle met die Departement Wetenskap en Tegnologie (DWT) se Vroue in die Wetenskap-toekennings beloon is.

Die DWT verleen die toekennings om vroue-wetenskaplikes en -navorsers as rolmodelle te vereer, en jonger vroue wat aan die begin van hul loopbane staan, aan te moedig.

Kruger, 'n dosent in die Departement Sielkunde, was derde in die kategorie: Uitstaande Vroue-navorsers in die Geestes- en Sosiale Wetenskappe, terwyl Pule, 'n doktorale student in die Departement Molekulêre Biologie en Menslike Genetika, 'n TATA Afrika-beurs vir Vroue in die Wetenskap, Ingenieurswese en Tegnologie ontvang het.

Kruger is vereer vir haar beduidende bydrae tot sielkunde in Suid-Afrika, veral haar werk oor die emosionele impak van armoede op vroue en meisies, en wat nodig is om hulle te bemagtig. Pule is met 'n TATA-beurs beloon vir haar doktorale studie wat fokus op die fisiologie van middel-weerstandige Tuberkulose.

## Eerste vrou in registrateurstoel

'n Nuwe era breek binnekort vir die Universiteit Stellenbosch aan met 'n vrou wat vir die eerste keer as Registrateur aangestel word. Dr Ronel Retief, Adjunkregistrateur: Tygerberg-kampus, neem die pos op 1 Januarie 2017 oor. Die huidige bekleër van die pos, mnr Johann Aspeling, tree einde vanjaar af.

"Ek sien daarna uit om die Registrateursrol op te neem en hoop om waarde toe te voeg, enersyds deur ingeligte advieslewering in terme van bepalende faktore binne die hoër onderwyssektor in Suid-Afrika, en andersyds deur uitnemende en empatiese akademiese administrasie wat studentesukses sal bevorder."



Retief het aan die US studeer en het die grade BA, HonsBA, MA en DLitt verwerf. Sy het in 1998 by die US aangesluit as Koördineerder: Navorsingsbefondsing in die Afdeling Navorsingsontwikkeling, waarna sy in 2003 as Assistent-registrateur by die Tygerberg-kampus aangestel is. Die pos is later opgegradeer na Adjunkregistrateur.

## Invloed van diagnostiese toetse vir TB ondersoek

Dr Eleanor Ochodo het 'n genootskap in Openbare Gesondheid en Tropiese Geneeskunde van die Wellcome Trust ontvang om 'n raamwerk te ontwikkel vir die ontwerp van kliniese proewe wat die uitwerking van diagnostiese toetse vir Tuberkulose (TB) op die gevolge vir pasiënte sal meet.

"TB is steeds 'n belangrike gesondheidsprobleem – sowat nege miljoen nuwe gevalle en 1.5 miljoen sterfgevalle is wêreldwyd



in 2013 aangeteken," het Ochodo gesê. Sy is 'n navorser aan die Sentrum vir Bewysgebaseerde Gesondheidsorg.

## Gebeure

**5 – 13 Sept**
**Alumni Teleton**
E-pos: alumni@sun.ac.za

**14 Sept**
**Gratis seminaar in George**
(boedelbeplanning)
E-pos: hugos@sun.ac.za

**16-18 Sept**
**Tuin van Digters**
Tel: 021-8732786
E-pos: besprekings@breytenbachsentrum.co.za
Program (klik hier)
Webwerf (klik hier)

**15, 27 Sept**
**#ShapeTheFuture**
(http://bit.ly/2b2rtPS)
Tel: 021 808 2830
E-pos: development@sun.ac.za

# NUUSFLITSE

## Universiteitskoor
*maak skoonskip by Koorspele*



Die Universiteitskoor onder leiding van André van der Merwe, was die groot wenner by die agtste Internasionale Koorspele in Rusland wat onlangs ten einde geloop het.

Die US koor het eerste plekke en goue medaljes in drie kategorieë verower. In die kategorie gewyde á Capella het hulle 92% behaal, in die kategorie vir geestelike liedere 94% en in die afdeling vir kontemporêre musiek 98%. Dit is die hoogste punt toegeken in enige van die 27 kategorieë waarin daar oor 10 dae meegeding is. Met hierdie prestasie behou die koor hul eerste plek op die Interkultur-ranglys vir beste internasionale nie-professionele kore, 'n posisie wat hulle sedert 2012 beklee. As verdere bonus het die koor ook 'n spesiale CD-kontrak losgeslaan in die gesogte Choirs of the World-reeks.

*Koor sing 'Say Something'*

## Doktorale kandidaat se eerste digbundel gepubliseer



Die eerste digbundel uit die pen van Sindiswa Busuku-Mathese, 'n doktorale kandidaat van die Nagraadse Skool van die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe, is deur Botsotso gepubliseer.

Busuku-Mathese, oorspronklik van Durban-Noord, is tans besig met die eerste jaar van haar doktorale studies in die Departement Engels en voltooi haar studies deur middel van 'n drie jaar lange voltydse beurs wat deur die Nagraadse Skool aangebied word. Haar promotor is prof Sally-Ann Murray, 'n akademikus en digter vir wie se werk Busuku-Mathese baie bewondering het. *Loud and Yellow Laughter*, sê Busuku-Mathese, is 'n persoonlike besinning oor kindwees. Die gedigte in die bundel is verweef met argiefmateriaal soos briewe, foto's, stukkies van gesprekke wat verbatim opgeneem is en notas wat gevind is.

- *Indien u daarin belangstel om 'n eksemplaar van Loud and Yellow Laughter teen R80 aan te koop, kan u met Botsotso in verbinding tree by botsotso@artslink.co.za of met Busuku-Mathese by sindi.busuku@gmail.com.*

## Matie erken as beste landelike verpleegkundige



"Hierdie toekenning behoort nie aan my nie; dit behoort aan elke verpleegkundige wat in 'n mobiele gesondheidskliniek werk, wat sy of haar tyd en moeite wy aan die gesondheid van mense in verafgeleë gebiede." Dit is presies dié houding wat daartoe gelei het dat sr Charlotte Stemmet as Landelike Verpleegkundige van die Jaar 2016 aangewys is tydens die Landelike Gesondheidskongres wat in Augustus in Grahamstad gehou is.

Stemmet is 'n alumnus van die Afdeling Verpleegkunde. Sy het haar loopbaan as professionele verpleegkundige meer as 15 jaar gelede in primêre gesondheidsorg by die kliniek in Nduli net buite Ceres begin. Sy werk tans in distriksgesondheidsdienste van die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid, waar sy 'n mobiele kliniekdiens lewer aan die Bossieveld-plaasgemeenskap in Worcester.

## Gebeure

**20 Sept**

**EBW in Gauteng**
Tel: 021 808 9265
E-pos: marvin@sun.ac.za

**22 Oktober**

**Ingenieurswese kuier in Port Elizabeth**
E-pos: marvin@sun.ac.za

**Ons besoek Kanada**

**29 September** (Toronto)
**2 Oktober** (Calgary)
**3 Oktober** (Vancouver)

E-pos: alumni@sun.ac.za

# NUUSFLITSE

## Genootskap sal navorsing oor MIV bevorder



Dr Moleen Zunza, 'n kenner op die gebied van borsvoeding deur MIV-positiewe ma's, het die gesogte Janssen/CTN Internasionale Nadoktorale Genootskap ontvang om haar navorsing op dié gebied uit te brei.

Zunza beplan om met hierdie genootskap voort te bou op die navorsing oor die bevordering van borsvoeding deur MIV-geïnfekteerde moeders wat sy vir haar PhD-graad gedoen het. Sy is 'n nadoktorale genoot aan die Eenheid vir Biostatistiek van die Sentrum vir Bewysgebaseerde Gesondheidsorg van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe.

## Twee Maties deel van SA wenspan

Twee Maties was deel van die Suid-Afrikaanse span wat onlangs in Miami as kampioen van die Wêrelduniversiteite-netbaltoernooi gekroon is. Die span het Jamaika 43-39 in die finaal geklop.



Juline Rossouw en Charmaine Baard was baie opgewonde oor hul span se naelskraap-oorwinning.

"Ons is baie gelukkig," het Charmaine gesê, terwyl Juline bygevoeg het dat dit 'n "moeilike en fisieke wedstryd" was. Juline, 'n oudleerder van Paarl Gimnasium, en Charmaine, 'n oudleerder van Hoërskool Brackenfell, is albei onderwysstudente – Juline in haar vierde jaar en Charmaine in haar derde jaar.

## 'Daar is steeds skeidsmure'

Ilhaam Groenewald, Hoofdirekteur: Maties Sport, eerste vrouelid van SARU se uitvoerende raad en adjunkvoorsitter van Universiteit Sport Suid-Afrika, glo vroue se bydrae in sport word steeds nie na waarde geskat nie en kan verbeter deurdat meer vroue in besluitnemingsposisies dien met toepaslike stelsels wat bestaan om deurlopende vooruitgang te verseker.

"Hoe meer rolmodelle vroue in die sportbedryf het, hoe meer vroue sal bereid wees om die uitdagings aan te pak." Sy meen daar is steeds skeidsmure wat afgebreek moet word.

"Vroue moet ingesluit word op grond van 'n grondwetlike onderneming, eerder as om uitgelewer te wees aan diegene wat 'in jou glo'. Ons moet ophou om ons vermoëns en vaardighede te onderskat en ons moet ons eie standaarde stel eerder as wat daar van ons verwag word om te konformeer. Jy hoef nie saam met mans by die kroeg te sit nie, jy hoef nie gholf te speel nie, jy hoef nie



die kleedkamer te besoek nie, maar jy kan as jy wil.

"Laastens moet ons ontslae raak van skuldgevoelens. Ons het werkende pa's wat ook balanseertoertjies met hul skedules moet uitvoer, dis lank nie meer net 'n uitdaging vir vroue nie. Vind 'n oplossing wat vir jou werk."

## Nuwe Viserektor wil bou aan US se reputasie

"Aan die begin is dit belangrik om te luister na wat mense sê, die instansie te leer ken en 'n goeie begrip van almal se behoeftes en verwagtinge te vorm." So sê prof Hester Klopper wat in Augustus by die US as Viserektor: Strategiese Inisiatiewe en Internasionalisering begin het. Klopper is 'n internasio-naal-gerekende akademikus en professionele leier met uitgebreide netwerke op die gebied van gesondheid, verpleegkunde, en gesondheidsorg.

"Ek is baie opgewonde en dit is vir my 'n eer en voorreg om aangestel te word in die posisie en meer so by die Universiteit Stellenbosch. Ek



sien uit na die geleentheid om saam met 'n uitstekende bestuurspan te kan werk en om verder uit te bou aan die reputasie en die geskiedenis van die Universiteit," sê Klopper.

Dié voormalige Hoof Uitvoerende Beampte van FUNDISA *(Forum for University Nursing Deans of SA)* en voormalige President van Sigma Theta Tau Internasionaal (STTI) is ook 'n buitengewone professor in die INSINQ navorsingseenheid verbonde aan die Noordwes-Universiteit en die Universiteit van Wes-Kaapland waar sy voorheen die Dekaan van die Fakulteit Gemeenskaps- en Gesondheidswetenskappe was.

Prof Klopper is die enigste Suid-Afrikaner wat ingehuldig is in die *American Academy of Nursing* en is ook op 23 Julie vanjaar ingehuldig in die *International Hall of Fame for Research Excellence* van STTI vir haar internasionale bydrae in navorsing. In September vanjaar sal sy vereer word met 'n eredoktorsgraad van Oxford Brookes Universiteit.

# Dis in jou hande, sê Santam hoof

*As die eerste vroulike hoof uitvoerende beampte van Santam, wat Suid-Afrika se grootste korttermynversekeraar is, is Lizé Lambrechts gewoond daaraan om in die kollig te wees en lang ure in te sit. Hierdie hardwerkende sakevrou geniet egter die uitdagings en hanteer haar verantwoordelikhede sonder sukkel.*



Lambrechts het in 2015 by Santam aangesluit vanaf die Sanlam Groep, waar sy vir ongeveer 12 jaar die Hoof Uitvoerende Beampte: Sanlam Persoonlike Finansies was. Sy het 'n HonsBSc in Toegepaste Wiskunde van die Universiteit Stellenbosch, is gekwalifiseerd as 'n aktuaris en het vele senior lidmaatskappe en direkteurskappe in Sanlam se plaaslike en internasionale operasies gehad.

"Ek was geëerd dat die direksie van Santam gewillig was om my vir die pos te oorweeg. Natuurlik is 'n mens altyd 'n bietjie senuweeagtig om 'n bestaande en bekende pos te verlaat om 'n nuwe uitdaging aan te pak. Maar bo alles anders was ek opgewonde om 'n nuwe en uitdagende hoofstuk in my werkslewe aan te pak," sê sy.

Hierdie oud-Matie sê dat sy nie druk voel om ekstra moeite te doen net omdat sy 'n vrou is nie. "Dalk toe ek met my loopbaan begin en'n jong familie gehad het, het ek soms gevoel dat ek moes wys dat ek ten volle verbind is tot my loopbaan. Deesdae sit ons almal net baie ure in, ongeag van ons geslag."

En wat hou 'n tipiese werksdag in? "Daar is nie so-iets soos 'n tipiese werksdag vir my nie. 'n Tipiese week kan elemente van voorbereiding vir en voorsitterskap van vergaderings (soos vergaderings van 'n uitvoerende komitee of 'n filiaalraad) behels, of individuele besprekings met my bestuurspanlede en vergaderings met of voorleggings aan ons sakevennote (ons kliënte) of werknemers. Dit behels ook normaalweg dat ek moet reis, meestal na Gauteng. Ek probeer ook om tyd in te ruim om by die werk rond te gaan om 'n gevoel te kry van wat aan die gebeur is en om te reflekteer oor strategiese kwessies waarvoor die maatskappy en die bedryf waarin ons funksioneer te staan is."

So wat maak haar werk so bevredigend? "Ek is mal daaroor dat ek in 'n bedryf werk wat 'n verskil vir sy kliënte maak. Ons is daar vir ons kliënte, baie male wanneer daar iets traumaties in hulle lewens gebeur het. Ek hou ook van die verskeidenheid – ek is nooit verveeld in my pos of in ons bedryf nie.

"Ek het nog nooit vir myself spesifieke doelwitte om te behaal gestel nie, behalwe om dit wat ek doen te geniet en om 'n positiewe bydrae te lewer vir die onderneming waarvoor ek werk, vir die werknemers rondom my en vir ons kliënte."

Haar boodskap aan ander vroue is om in jouself en jou vermoëns te glo. "As vroue het ons enorme potensiaal om nie net by te dra tot die werkplek en tot ons families nie, maar ook tot die samelewing waarin ons leef. Ons moet nooit bang wees om die geleenthede wat aan ons gebied word aan te gryp nie – maar daarna is dit ons eie verantwoordelikheid om suksesvol te wees."

## Daardie Stellenbosch-dae

Ek onthou al die lekker tye en min van die moeilike tye, toe ek vir eksamens moes leer! Dit was van die beste jare in my lewe. Ek onthou dat ek trots was om aan een van die oudste en voorste akademiese instelling in ons land verbind te wees. Ek sal ook nooit my vriendskappe in my koshuis, Huis ten Bosch, vergeet nie. Ons het so baie onskuldige pret gehad! Ek het ook my man ontmoet terwyl ek aan Stellenbosch gestudeer het. Aangesien ons steeds gelukkig getroud is, is ons tyd daar een van my gelukkigste herinneringe. My dogter is nou 'n tweedejaar-Matie-student en dit is interessant om te sien hoe dinge verander het, sommige selfs radikaal – maar die kern van Stellenbosch is nog dieselfde!

## Wat maak dat jy

**Gelukkig voel:** Ek is altyd gelukkig wanneer ek tyd saam met my familie kan spandeer en wanneer hulle gelukkig is.

**Lag:** My man het 'n baie ondeunde sin vir humor!

**Hartseer voel:** Ek is regtig hartseer as ek sien hou wreed ons as mense teenoor ander mense en ook teenoor diere kan wees.

**Uitgestres voel:** Om voor 'n kamera te wees!

# ‘Braaf en borrelend’

*Die meeste mense ervaar hulle “aha”-oomblik later in hulle lewens, maar Sherlin Barends, radio-aanbieder en inhoudskepper het reeds in graad 12 besef haar passie is mense, en om met hulle ’n konneksie te vorm is haar doel in die lewe. Danksy haar borrelende persoonlikheid, is hierdie alumnus deesdae die aanbieder van ’n spitstyd-radioprogram en mal oor elke oomblik daarvan.*



**Kliek hier** om na Sherlin op Good Hope FM te luister.



*Foto: Megan Damon*

**Vertel ons iets van jouself.**
Ek is braaf en bles en het ’n borrelende persoonlikheid. Ek is ook ’n radio-aanbieder en inhoudskepper. Ek is gebore en getoë in Idasvallei, Stellenbosch. Dit is hier waar ek kerk toe gegaan het, skool toe gegaan het (by Idasvallei Laerskool en Lückhoff Hoërskool), kaptein van my hokkiespan was en ballet gedoen het. Dit is gewis ’n feit dat Idasvallei en sy kleurryke mense ’n enorme rol in my vormingsjare gespeel het.

**Jy het joernalistiek by Maties studeer. Wie of wat was die inspirasie vir hierdie keuse?**
Na my eerste graad (BA Geesteswetenskappe) het ek ’n blaaskans van my studies gevat, met die hoop dat ek by ’n kommersiële radiostasie werk sou kry. Toe dit nie gebeur nie, was om aansoek te doen vir die Universiteit Stellenbosch se nagraadse honneursgraad in joernalistiek “die tweede beste ding”. Agterna beskou – was dit in werklikheid die beste ding! Ek het ook gedurende daardie tyd baie hegte vriendskapsbande met talentvolle mense kon smee.

**Jy bied ’n program op Good Hope FM aan. Vertel ons hiervan.**
Ek is mede-aanbieder van *The Hype* met Dan Corder, weeksdae tussen 08:00 en 11:00. Die program fokus op plaaslike musiek, onderhoude met fassinerende mense en boeiende inhoud. Een van die dinge waaroor ek baie opgewonde is, is Finding *The Hype*, ’n weeklikse item wat ruimte vir talentvolle, maar onbekende plaaslike musikante skep om hulle musiek op Good Hope FM gespeel te kry. Nog ’n hoogtepunt is #CelebrateCapeTown, wat die kollig plaas op jong Kapenaars wat wonderlike dinge doen.

**Hoe handhaaf jy ’n gesonde balans tussen werk en vrye tyd?**
Dit is belangrik om hard te werk en goeie werk te lewer, maar dit is ook belangrik om ’n blaaskans te vat. Yoga, stap en lees is my gunsteling maniere om af te skakel. Ek is ook baie bevoorreg om ’n ondersteunende netwerk van familie en vriende te hê.

**Het jy al as ’n vrou uitdagings in die werkplek gehad?**
Die Suid-Afrikaanse mediabedryf word deur mans gedomineer. Vrouens word baie keer bloot as helpers gesien. Nou is die tyd om ons stemme te gebruik! Nie net tydens die maand van Augustus nie, maar elke dag! Ek is baie bevoorreg om ’n spitstyd-radioprogram aan te bied. Dit is wonderlik om te sien hoe dinge besig is om te verander (hoewel nie so vinnig soos ons wil hê nie) en beter raak.

**Watter advies sou jy aan jong vroue gee?**
Ons neig om ons eie vermoëns te onderskat en buite onsself vir troos en oplossings te soek. Daar gebeur wonderlike dinge as jy leer om jouself lief te hê, te respekteer en te vertrou, en dit kan slegs gebeur as jy jouself ken. Wanneer jy jouself ken (en aanvaar en vier), dan vind jy jou passie en doel, en, in my oë, ware geluk.En vir diegene met ‘n oog op die bedryf: Luister aktief na verskeie plaaslike en internasionale radiostasies. Kry en volg ’n paar radio-rolmodelle, gebruik hulle as inspirasie – maar moenie bloot na-aap nie. Vind jou unieke stem en moenie bang wees om dit te gebruik nie.

**Vertel ons van jou rolmodelle.**
My ma, Sherine Barends, is onderhoof by een van die skole in Stellenbosch. Sy is ’n passievolle onderwyser en is baie goed met dit wat sy doen. Sy druk haarself om beter te wees en beter te doen, maar is ook nie bang om ’n blaaskans te vat nie. Ook een van my mentors, Celeste Stewart, wat ek in my tyd by Media24 ontmoet het; sy is reguit, sy is snaaks en sy wy haar lewe daaraan om ander te help om hulle beste self te kan word.

**Wat onthou jy van jou tyd as ’n Matie?**
Ek het seker gemaak dat ek universiteit met meer as net my joernalistiekgraad verlaat. Ek was deel van die Aurora Privaatstudente-organisasie se huiskomitee, ek het deelgeneem aan sêr, ek was deel van die sokkerspan en ek was ’n kelner by een van die drinkplekke in die dorp. In my tweede jaar het ek by die kampusradiostasie aangesluit – MFM92.6 – dit het die gang van my lewe verander. Dit was hier waar ek op radio verlief geraak het.

**Wat is jou planne vir die toekoms?**
Ek wil dit wat ek tans doen vir dekades nog doen. Op die kort termyn streef ek daarna om aan te hou om vermaaklike, boeiende en insiggewende radio-inhoud op ’n daaglikse basis te skep. Op die lang termyn, behalwe vir radio, droom ek daarvan om ’n TV- of aanlyn aanbieder te word en vir ’n goeie publikasie te skryf. Ek wil ’n gerespekteerde stem in die bedryf en ’n kampvegter vir positiewe verandering wees.

# Sport se lewenslesse spoor Mari aan na hoër hoogtes

*Sport is wispelturig. Dit wéét die driekampatleet Mari Rabie (29), skryf Pia Nänny.*



(Foto's: Peartree Photography)

Iets heeltemal buite jou beheer kan jou pogings kelder en jare se harde werk ongedaan maak. Dit weet sy uit dure ondervinding ook.

Toe hierdie gebore en getoë Stellenbosser in 2008 van die Olimpiese Spele in Beijing teruggekeer het, was sy bitter. Die teleurstelling van 'n 43ste plek in die kompetisie ná haar fiets gebreek het, was só groot dat sy besluit het om haarself eerder op 'n ander doelwit – haar studies – toe te spits.Nooit sou sy kon dink dat sy agt jaar later weer na 'n Olimpiese Spele op pad sou wees om Suid-Afrika in die driekamp te verteenwoordig nie.

Intussen het sy egter die Rhodes-beurs verwerf om by Oxford-universiteit te studeer en haar Meestersgraad in Toegepaste statistiek sowel as 'n MBA-graad verwerf.

Mari se storie begin op Stellenbosch, en dit is te danke aan hierdie storie dat sy ingestem het om deel van die Stellenbosch-sportambassadeursprogram (SSA) te word.

Haar grootouers het by die Universiteit Stellenbosch studeer en haar ouers het op Stellenbosch grootgeword. Mari self was 'n leerder van Laerskool Eikestad en die Hoër Meisieskool Bloemhof, en het haar graad in Aktuariële Wetenskap by Maties verwerf.

"Ek is baie passievol oor en lief vir Stellenbosch. Die dorp het baie bygedra tot waar ek nou is. Ek weet nie of ek Rio toe sou gegaan het as ek nie hier grootgeword het met die geleenthede en ondersteuning wat ek hier gekry het nie.

"Stellenbosch kan 'n dorp van uitmuntendheid wees. Ek dink nie kinders op skool besef altyd hoeveel geleenthede daar op Stellenbosch is nie."Mari het op sesjarige ouderdom by Maties se swemklub aangesluit en het as skoolkind aan langafstande op die baan deelgeneem. Sy het eers ná skool begin om op driekamp te fokus.

Sy het kwalifiseer vir die Statebond-spele in 2006 en die Olimpiese Spele in 2008, en het by albei baie negatiewe ervarings beleef. Met die Statebondspele was sy siek en het sy die kompetisie in 'n ambulans verlaat en by die Olimpiese Spele het sy tegniese probleme ervaar."Ek was bitter ná Beijing. In sport is 'n mens se hoogtepunte soveel hoër, maar jou laagtepunte soveel laer. Maar, na 'n rukkie kom jy by 'n punt waar jy kan sê: As dit nie vir Beijing was nie, het ek nie vir die Rhodes-beurs aansoek gedoen nie… Jy begin om verby die seer te sien en jy leer hoe om teleurstelling te hanteer."

*"Jy begin om verby die seer te sien en jy leer hoe om teleurstelling te hanteer."*

Sy het in 2012 besluit om weer tot die sport toe te tree, en moes kort daarna nóg 'n groot uitdaging en teleurstelling verwerk: In 2014 is miokarditis by haar gediagnoseer – sy het haar hartspier beseer en al antwoord was om vir amper 'n hele jaar nie te oefen nie.

"Ek het swaargekry en dit oorweeg om my droom te los en voltyds te begin werk, maar in my kop het ek myself verbind tot die einde van 2016," vertel sy.

Toe sy uiteindelik weer kon oefen, was sy onder groot druk om vir die Olimpiese Spele te kwalifiseer. Tussen Maart en Mei vanjaar het sy binne 10 weke aan sewe kompetisies in ses verskillende lande op vier verskillende kontinente deelgeneem.

Mari, wat onlangs agtste gekom het in 'n Wêreld-driekampreekskompetisie in Duitsland, se doelwit is om in die top-10 by die Olimpiese Spele te eindig. (Sy het 11de geëindig in 'n tyd van 1:59:13. Die wenner se tyd was 1:56:16 en 55 deelnemers het begin.) En dan?"My afrigter tree binnekort af en ek voel ek het hard geswot – ek wil graag aan my loopbaan begin werk. Ek moet nog my aktuariële eksamens afhandel."

Sy was egter nie ledig die afgelope paar jaar nie – sy werk op deeltydse basis vir Remgro en het die aktiwiteitsdragreeks "MovePretty" saam met 'n vriendin, Annelize Kotze, begin.

Hoewel sy aan die einde van haar atletiekloopbaan staan, hoop sy dat sy 'n rolmodel vir plaaslike jong sportsterre kan wees en dat hulle uit haar ervaring kan leer.

**Die Stellenbosch Sport Ambassadors-program wil plaaslike atlete bemagtig op hul reis na uitnemendheid. Die program is 'n vennootskap tussen die Stellenbosch Munisipaliteit, die Stellenbosch Akademie vir Sport (SAS) en Maties Sport. Besoek die Stellenbosch Sport Ambassadors-bladsy op Facebook of volg hulle op Twitter by @SboschSA.*





# ‘Ek is genoeg’

*Martha Murorua, bestuurder van verbruikersbankwese by First National Bank Namibia, weet dat harde werk gewoonlik die sleutel tot sukses is, maar hierdie USB-alumnus weet ook dat jy nooit uit die oog moet verloor wie jy is nie.*

Murorua, wat van die stofpaaie van die Hakhaseb Township in Usakos kom, sê dat sy al van ’n jong ouderdom geweet het dat die enigste pad uit armoede uit onderwys is. “Ek sal myself as ’n vrou uit ’n nederige agtergrond beskryf; ’n vrou wat die geleenthede wat die lewe vir haar gee met albei hande aangryp en sukses behaal het om haar ambisies ’n werklikheid te maak.”

Sy het met hoëronderwysstudies in Namibië begin, met ’n BRek-graad van die Universiteit van Namibië en ’n Nasionale Diploma in Handel van die Polytechnic van Namibië. Bykomend het sy haar leerkontrak as ’n rekenmeester en eksterne ouditeur aan PwC, een van vier internasionale professioneledienstenetwerke wat oudit-, advies- en belastingsdienste bied, voltooi. Sy het ook ’n MBA van die Universiteit Stellenbosch Bestuurskool (USB), wat sy in 2009 verwerf het.

“Ek het nog altyd daarvan gedroom om aan die Universiteit Stellenbosch te studeer, en toe my vorige werkgewer my die geleentheid deur die interne studiebeursprogram bied, het ek dit verwelkom,” sê sy. “Die Operasionele Navorsing-kursus aangebied deur prof Wim Gevers was my hoogtepunt as ’n student, saam met die insiggewende besprekings tydens die weke van studie en die geleentheid om ’n uiteenlopende groep mense van regoor Afrika te ontmoet.”

Sy skryf haar loopbaansukses aan harde werk en die handhawing van ’n gesonde balans tussen werk en die res van haar lewe toe. “Ek is mal daaroor om betrokke te raak by dinge wat moeilik, riskant en buite my gemaksone is. My sosiale ondersteuningstelsel – familie, vriende, kollegas en eweknieë – is ook baie belangrik vir my. Gegewe die beperkte tyd wat ek saam met my geliefdes kry, streef ek daarna om volledig in die oomblik te wees wanneer ek tyd met hulle spandeer,” sê sy.

Sy sê dit is geen geheim dat, ten spyte daarvan dat vroue beduidend in leierskaprolle begin inbeweeg het, daar ’n sosiaal ingeburgerde patriargie is wat oorkom moet word. “Die meeste vroue sit vas in die middel en ervaar groter hindernisse om die hoër range te bereik. Hoewel daar weinig verskil tussen mans en vroue in leierskapvlakke is, is daar ’n aanname dat die hoogste rolle beter geskik is vir mans. Die samelewing assosieer meestal suksesvolle leierskap met stereotipies “manlike” eienskappe soos assertiwiteit en dominering. As ’n vrou, moet jy hierdie eienskappe kan toon om as ’n gelyke aanvaar te word.”

Murorua se visie is om eendag uitvoerende direkteur van ’n genoteerde maatskappy te wees en om ’n liefdadigheidsorganisasie te begin wat fokus op onderrig vir jong meisies deur leesklubs in verskeie streke in Namibië te vestig.

Haar raad vir jong vroue is om op die positiewe te konsentreer, want dit sal uiteindelik hulle uitkyk op die lewe bepaal. “My lewensleuse is: ek is genoeg,” sê sy. “Ek het opgehou om my swakhede te probeer regmaak en begin bou op dit wat reeds reg werk. Ek het geleer dat dit nie moontlik is om in al die dimensies van my lewe goed te presteer nie, daarom gebruik ek my verskillende vermoëns in daardie aspekte waarin ek kan uitblink. Ek maak die keuse om eg te wees, maar ook ferm in my hantering van enigiemand wat oor my pad kom.”


**Alumni Kantoor**

**Victoriastraat, Admin B, 3de Vloer**

+27 21 808 9266

+27 86 611 0138

Stellenbosch University Alumni (Maties) and Friends

www.facebook.com/stellenboschalumni

www.twitter.com/SU _Alumni

YouTube

alumni@sun.ac.za

www.sun.ac.za/afrikaans/alumni